

Logos Gemeente van Christus

Die Priesterkoning maak ons priesters en konings

Op 5:1-14

7 Junie 2020

In hoofstuk 4 het ons laasweek gesien dat die doel met hierdie visioen is dat Jesus daardeur aan Johannes, en dus aan ons, bekend wil maak wat hierna moet gebeur. Die visioen self is 'n hemelse troonvisioen, met God self op die troon. Rondom die troon is daar 4 lewende wesens, as verteenwoordigers van die engeledom, asook 24 ouderlinge, as verteenwoordigers van die mensdom, en meer spesifiek verteenwoordigers van die uitverkorenes deur die eeue heen. Hulle besing God deur Hom te erken as die Skepper, die Een wat onveranderlik is, die Almagtige en die 3x Heilige.

Verdere ontwikkeling van die visioen in Hoofstuk 5:

In hoofstuk 5 lees ons dat daar in die regterhand van God 'n boekrol is, wat aan die voor- en agterkant vol geskryf is, en boonop met sewe seëls verseël is, sodat dit nie gelees kan word nie. Die inhoud van die geskrif is natuurlik die detail van die dinge wat hierna moet gebeur (Op 4:1). Johannes sien vervolgens 'n sterk engel wat die vraag vra wie waardig is om die seëls, en dus die boek, oop te maak. Let op die vraag: wie is waardig? Duidelik kan dit nie sommer enige wese wees wat net na die troon van die Almagtige en 3x Heilige God kan gaan om die boekrol se seëls oop te maak nie. Die vraag is: aan watter kwaliteite moet die Wese wat dit kan doen, voldoen?

Die tragiese realiteit is dat daar niemand in die hemel, op die aarde of selfs onder die aarde gevind was wat dit kon doen nie. Johannes huil bitterlik – hoe gaan die mensdom nou ooit weet wat hierna moet gebeur. En dan kom een van die ouderlinge en sê vir hom daar is iemand: In verse 5-7 word die iemand beskryf op verskillende maniere: Hy is die Leeu uit die stam van Juda, die Wortel van Dawid en die Lam wat geslag is. Ons sal netnou hierna terugkom in groter detail.

Wanneer die Lam die boek uit God se hand neem, kniel die 4 lewende wesens en die 24 ouderlinge voor die Lam. Elkeen het 'n siter gehad en 'n goue bak vol wierook, wat die gebede van die gelowiges is. Hulle sing dan 'n nuwe lied, waarin hulle die waardigheid van die Lam toeskryf aan die feit dat Hy deur sy bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam, taal, volk en nasie, en hulle nou konings en priesters gemaak het.

Hierna beskryf Johannes dat daar rondom die lewende wesens en ouderling 'n groot menigte engele was wat ook die waardigheid van die Lam besing het. En ten slotte word beskryf hoe die ganse skepping die lof van God en die Lam besing, waarmee die 4 lewende wesens en die 24 ouderlinge heelhartig saamstem.

Die Priesterkoning is waardig om die seëls en die boek oop te maak (verse 5-6)

Dit is opmerklik dat dit een van die ouderlinge is wat na Johannes toe kom om hom die goeie nuus mee te deel dat daar wel iemand is wat die boek kan oopmaak. Is dit nie 'n groot voorreg wat ons as mense het om God se evangelieboodskap te mag bekend maak aan ander mense nie?

Ons verstaan dat Jesus die Een is wat waardig is om die boekrol oop te maak. Maar kom ons kyk na hoe Jesus deur hierdie ouderling beskryf word. Hy gebruik drie terme:

- Leeu uit die stam van Juda: Hierdie term verwys na Gen 49:8-12, waar Jakob sy seuns seën as hy op sy sterfbed lê. Juda word geseën as 'n leeu wat sy vyande sal onderwerp, wat altyd

sal heers en aan wie die volke hulle sal onderwerp. Jesus word dus beskryf as 'n Koning wat ewig sal heers oor al die volke.

- Wortel van Dawid: Hierdie aanhaling verwys na Jes 11:1-5, waar Jesus beskryf word as 'n takkie wat uit die stomp van Isai sal uitspruit. Ons lees verskeie aspekte van Hom: Die Heilige Gees sal op Hom rus en Hom wysheid en insig gee, Hy sal regverdig oordeel en Hy sal geregtigheid en trou bewerk. Weereens word Sy heerskappy duidelik. Voeg hierby dat ons weet dat Dawid Isak se seun is, en dat Dawid die belofte ontvang dat Een uit sy nageslag vir ewig op die troon sal sit.
- Lam wat geslag is: Dit verwys onder andere na gedeeltes soos Jes 53:7 waar Jesus beskryf word as die lam wat na die slagplek toe gelei word. Natuurlik verwys dit ook na die paaslam in die Ou Testament. Die paaslam moes die volk herinner aan hoe hulle wonderbaarlik die dood ontkom het die nag voor hulle uit Egipte getrek het. Jesus is dus self die offer waardeur geregtigheid bewerk is vir die wie in Hom glo. Heb 7:26-28 beskryf vir ons dat Jesus ons volmaakte Hoëpriester is, wat Homself eenmalig geoffer het. Hy is dus die Lam en die Hoëpriester. Daar word nog twee dinge bygevoeg in die beskrywing van die Lam in vers 6:
 - Hy het sewe horings gehad. 'n Horing is tipies 'n simbool van krag, en sewe is natuurlik die volheidsgetal, wat dus weereens aandui dat hierdie Lam al die krag besit.
 - Hy het sewe oë gehad. Die vers verduidelik vir ons wat ons onder die oë moet verstaan – naamlik dat dit die sewe Geeste van God is. Op 1:4 en 4:5 het alreeds verwys na die sewe Geeste van God, en ons het telkens gesê dit beteken die Heilige Gees in Sy volheid. In vers 6 word bygevoeg dat die Heilige Gees uitgestuur is oor die hele aarde. Natuurlik is dit wat gebeur het tydens die uitstorting van die Heilige Gees kort na Jesus se hemelvaart. Ons sou dus die gevolgtrekking kan maak die Heilige Gees is Jesus se oë regoor die aarde.

Opsommend: Jesus as die Leeu uit die stam van Juda en die wortel van Dawid beskryf Hom in Sy posisie van absolute gesag aan wie al die mag en heerskappy behoort – soos wat ons in Dan 7 lees van die Verheerlikte Seun van die Mens, en soos wat Jesus self sê net voor Sy hemelvaart. Hy is dus die Ewige Koning. Maar Hy is ook die Lam wat geslag is. Hy is self die volmaakte offer en die volmaakte Hoëpriester. Jesus is dus die Priesterkoning.

Let nou mooi op wat in vers 5 staan: Die Leeu en die Wortel het oorwin om die boek oop te maak. Van watter oorwinning word gepraat? Natuurlik van Jesus se oorwinning aan die kruis, waar Hy enersyds die duiwel oorwin het, en andersyds die dood oorwin het. Sien jy wat vers 5 sê: Omdat Hy die Ewige Koning is aan wie al die mag en gesag behoort en omdat Hy die duiwel en die dood oorwin het – daarom kan juis Hy die seëls van die boekrol oopmaak. Hy regeer met alle mag, en boonop is Sy vyand reeds oorwin – daarom kan Hy die seëls oopmaak, en bekend maak wat hierna moet gebeur.

Let nou ook nog mooi op na wat in vers 9 staan: Die Lam is waardig om die seëls oop te maak omdat Hy geslag is en mense vir God losgekoop het. Omdat Hy die Lam is, kan Hy die seëls oopmaak. Onthou God se doel: Sy heiligheid moet besing word deur mense wat self heilig is en absoluut oortuig is dat Hy dit waardig is. Maar dis juis omdat Hy die Lam is, wat deur Sy offer geregtigheid bewerk het, en wat Sy Heilige Gees na die aarde gestuur het om toe te sien dat die heiligheid realiseer in die harte van die wat aan die Vader behoort, dat Hy die Een kan wees wat die seëls kan oopmaak. As Jesus nie geregtigheid bewerk het nie – kan die dinge wat moet gebeur nie by God se doel uitkom nie.

Hy moet Priester en Koning wees. Hy moet die gesag hê en die geregtigheid hê om te gee aan die wat in Hom glo, as Hy die Een is wat die dinge wat hierna moet gebeur effektief wil bestuur.

Die Priesterkoning maak priesterkonings

Ons het dus gesien die Priesterkoning is die Een wat die gesag en die geregtigheid het om die seëls oop te maak, en dus die dinge wat hierna moet gebeur, te bestuur. Maar met wie werk die Priesterkoning sodat hierdie dinge nou sal gebeur? M.a.w. wie is sy medewerkers waardeur Hy sal toesien dat die dinge gebeur volgens wat Hy wil? Daar is twee medewerkers wat in hierdie visioen na vore kom:

- Gelowiges: In vers 9 lees ons dat die 24 ouderlinge in hulle lofprijsing beskryf dat die Lam deur Sy bloed mense losgekoop het vir God. Hierdie mens is natuurlik die gelowiges, die wat aan die Vader behoort. Hy het natuurlik vir hulle geregtigheid bewerk deur Sy Hoëpriesterlike werk waar Hy vir hulle sondes versoening bewerk het, en hulle so vir God losgekoop het. Let ook op dat hulle kom uit al die stamme, tale, volke en nasies. Dit was natuurlik deel van die belofte in die Abrahamverbond. Gen 12:3 lees: "In jou (Abraham) sal al die volke van die aarde geseën wees", en natuurlik is dit in besonder vervul in die nuwe verbond. Dink maar aan Jesus wat voor Sy hemelvaart vir Sy dissipels sê hulle moet dissipels gaan maak van al die nasies (Mat 28:19).

Vers 10 gaan verder en beskryf dat Jesus deur Sy bloed hulle 'n koninkryk en priesters vir God gemaak het. Dit gaan terug na Eks 19:5-6 – "As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat my as priesters dien, en 'n gewyde nasie". Let op, daar by Sinai was dit nog 'n voorwaardelike belofte – as hulle gehoorsaam is, sal hulle 'n koninkryk en priesters wees. Petrus skryf in 1 Pet 2:9 egter dat die uitverkorenes reeds 'n koninklik priesterdom is. Op 1:5-6 sê ook dat die wat deur Sy bloed verlos is, reeds 'n koninkryk en priesters is. En natuurlik in Op 5:10 ook. Waar het hierdie verandering plaasgevind vanaf 'n belofte na 'n realiteit? Natuurlik met Jesus se eerste koms, toe Hy die oorwinning behaal het oor die duiwel en die dood, toe Hy geregtigheid bewerk het, toe Hy na Sy hemelvaart in 'n posisie van mag Sy troon bestyg het.

Die Priesterkoning het dus die gelowiges nou ook priesters en konings gemaak. Hy regeer, en volgens vers 10 regeer hulle saam met Hom. Ons sal netnou verder besin wat dit beteken.

- Heilige Gees: Maar daar is nog iemand saam met wie die Lam werk. Lees Op 5:6. Die Lam het sewe oë, wat die sewe Geeste van God is (d.w.s. die Heilige Gees is), en wat oor die hele aarde uitgestuur is. Natuurlik weet ons dit is wat gebeur het op Pinksterdag. Kort nadat Jesus opgevaar het na die hemel toe, en Sy troon bestyg het as die Priesterkoning, word die Heilige Gees uitgestort.

In Op 4:5 word die Heilige Gees ook as sewe fakkels beskryf, voor die troon van God. Ek het laas week al genoem dat sommige kommentatore spekuleer of daar 'n verwysing in die simbool van die fakkels is na die sewe gemeentes wat in hoofstuk 1 lampstaanders was.

Ek herinner julle aan Joh 14 en 16 waar Jesus vooraf gesê het dat Hy die Vader sal vra om die Heilige Gees te stuur. Wat sal die Heilige Gees kom doen? Hy sal by en in die gelowiges wees, Hy sal die gelowiges leer en herinner aan wat Jesus gesê het, en Hy sal die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Is die beskrywing in hierdie hemelse visioen van die Heilige Gees as Jesus se oë nie 'n akkurate beskrywing van hierdie rol van die Heilige Gees nie? Hy weet wat in die gelowiges uit al die volke van die aarde aangaan, want Hy

woon binne die gemeentes in die harte van gelowiges. En boonop oortuig Hy die wêreld van sonde, geregtigheid en oordeel.

Die priesterkonings moet offer en regeer

Die Priesterkoning het dus priesterkonings gemaak deur Sy priesterlike werk en deurdat Hy tans regeer as Koning. Wat is nou die rol van die priesterkonings? Wel, soos die Priesterkoning 'n rol het as Priester en as Koning, het priesterkonings ook elkeen 'n rol as priester en koning:

- Rol as priester: Ons het die afgelope tyd baie hieroor gepraat. God wil geloof word as die Skepper, die onveranderlike, almagtige en 3x heilige God deur mense wat in hulle harte oortuig is hiervan. Wat ookal binnekort gaan gebeur, moet in hierdie rigting werk. Hoe gaan dit realiseer? Deurdat die gelowiges sal groei deurdat hulle denke hiermee gevul word, deurdat hulle harte hiermee gevul word, en gevolglik dat hulle dade dit sal reflekteer – dis wat ons gesien het Jesus wil bereik in die gemeentes. Hulle moet dus groei na geestelike rypheid. En, het ons gesien, dit kom deurdat hulle volhard in beproewings. Of soos Rom 12:1b-2 dit stel: "Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdienst wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is." As priesters moet hulle dus hulleself toenemend en volledig aan God offer. Natuurlik werk die Priesterkoning deur Sy sewe oë wat Hy na die aarde gestuur het om in die gelowiges te woon.
- Rol as koning: Op 5:10 is baie duidelik dat hierdie priesterkonings ook moet regeer. Immers is hulle konings, en dit is wat konings doen – hulle regeer. Waaroor moet hulle regeer? Vers 10 antwoord ook die vraag: hulle moet oor die aarde regeer. Dit is natuurlik ook nie 'n nuwe gedagte nie. In Gen 1 het God al die opdrag gegee dat hulle moet heers oor die visse, voëls en alle diere. Natuurlik moet ons heers oor God se fisiese skepping – en baie van ons doen dit deur die daaglikse beroep wat ons beoefen. Maar daar is meer:
 - In Gen is daar al die saak dat die tuin bewaak moet word, terwyl die aarde onderwerp moet word deur die mens as heersers. En hier in Openbaring lees ons dat hulle as aangestelde priesterkonings moet heers. Lees jy Op 3:21 dan word daar gesê dat die wat die oorwinning behaal, sal saam met Jesus op Sy troon sit. Alle mense moet oor die skepping heers, maar gaan alle mense die oorwinning behaal? Nee. Daar moet dus iets meer wees vir die priesterkonings as om net oor die fisiese skepping te heers.

Gaan terug na Joh 15:26-27. Hier lees ons dat die Heilige Gees gaan kom en Hy gaan getuig, en onthou Joh 16 verduidelik Hy gaan die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Maar Joh 15 leer ook ons, die priesterkonings, moet getuig. Dit is ook wat Jesus voor Sy hemelvaart gesê het. Nou is die Heilige Gees die oë van die Priesterkoning hier op aarde. Hy is in die priesterkonings, en hulle getuig saam met Hom teenoor die wêreld. Dit is hoe die koninkryk van die Priesterkoning groei en uitgebrei word. Dit is wanneer ons in opdrag van die Priesterkoning, saam met Sy oë, die Heilige Gees, getuig en nuwe bekeerlinge inbring dat ons saam met Hom regeer.

 - In Op 5:8 het ons al gelees van die gebede van die gelowiges. In Op 6:10 lees ons wat die inhoud van hulle gebede is: Hulle vra juis die Heerser, hulle Priesterkoning, hoe lank nog voor Hy finaal oordeel. En in Op 8:4 is die gebede van die gelowiges

instrumenteel dat die sewe trompette geblaas word. Ons gebede is dus instrumenteel tot die voltrekking van God se oordeel, wat natuurlik deel is van Sy heersersrol as Koning. Onthou ook, toe ons oor die Onse Vader gepraat het: Ons gevolgtrekking was ons bid nie dat God se raadsplan moet verander nie, nee, ons bid juis dat God se raadsplan uitgevoer moet word. God se raadsplan is tog die plan wat beskryf wat binnekort moet gebeur. Wanneer ons bid vir die uitwerk van God se plan, is ons besig om saam met Jesus te heers.

Voorwaar: die Priesterkoning is in beheer van die dinge wat nou moet gebeur, juis omdat Hy die Priesterkoning is. Hy maak ons as gelowiges ook priesterkonings. Ons verantwoordelikheid is nou om onself volledig aan God te wy, as priesters, en om saam met die Priesterkoning te regeer deur mee te werk onder die leiding van die Heilige Gees aan die uitbreiding van die koninkryk, asook deur te bid vir die uitwerk van God se plan.